



Komeet McNaught

...kuier in Suid-Afrika

Saamgestel deur die Sterrekunde Vereniging van Bloemfontein, 2007 - www.assabfn.co.za

Komeet C/2006 P1 McNaught is maar slegs in Augustus 2006 ontdek, deur Robert McNaught van Siding Spring-sterrewag in Australië. McNaught was dus 'n groot verrassing! Dit is 'n "nie-periodiese" komeet wat dalk nooit weer na die Son sal terugkeer nie. So geniet dit terwyl jy kan!



Eienskappe:

Afstand (gemiddeld) vanaf Aarde 19 tot 29 Januarie: 144 miljoen km (die Son is 150 milj. km van die Aarde) McNaught was die naaste aan die Son op 12 Jan 2007 en beweeg nou verder van die Son & Aarde.

Lengte van stert: Slegs 'n skatting op die stadium kan gemaak word, maar dit is miljoene kilometers!

Tyd wat dit neem om een omwenteling om die Son te maak: Meer as 200 jaar, maar moontlik duisende +. Dit mag selfs wees dat die komeet nooit weer sal terugkeer nie. Hou die komeet 'n **gevaar** vir die Aarde in? NEE!

Helderste komeet in oor die 40 jaar.

Wat is komete?

'n Komeet is kortweg 'n massiewe groot klip in die ruimte, wat om die Son wentel. Hierdie "klip" kan 'n paar kilometers of selfs 'n paar 100 kilometers wyd wees. Wanneer die klip deur die Son nader getrek word, begin dit as't ware "smelt", weens die sonwind en bestraling wat toesak op hierdie geysde klip. (Onthou, dit is baie koud in die ruimte!) Die klip begin dan van sy materiaal afskei en vorm 'n koma (die dowwe voorpunt om die klip) en 'n stert. *Onthou! Jy sien nie vlamme nie, die klip "smelt"!*



Waaruit bestaan komete?

Die kern van komete (die "sentrale klip") bestaan hoofsaaklik uit ys, rots en stofdeeltjies. Die stert bestaan uit materiaal wat loskom van die kern (gas en stof) en strek miljoene kilometers ver! Komete is baie oud: dit is boodskappers uit die verre verlede wat ons heelwat kan vertel oor die ontstaan van die planeete en ons sonnestelsel... Komete kom hoofsaaklik uit die geheimsinnige Oort Wolk geleë in die buitewyke van die sonnestelsel.

Tot wanneer kan 'n mens vir McNaught waarneem?

Tot einde Januarie kan jy kyk met die blote oog, maar nou al word dit elke aand dowwer soos. Kyk totdat dit heeltemal donker is in die aand, sodat jy die stert so vol as moontlik kan sien. Tyd: tussen 19h40 en 20h40, in die suid-weste.


Waar vind ek meer uit oor komete?

ASSA Bloemfonteintak: www.assabfn.co.za

Wikipedia.org: www.wikipedia.org

Nineplanets: www.nineplanets.org

Vir kinders: <http://starchild.gsfc.nasa.gov/>



'n Tipiese komeetwentelbaan om die son.